

Maandag 11 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:27-34

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:30; HK Sondag 30, Vraag 82

Die nagmaal en God se toorn

Ongelowige en goddelose mense mag volgens ons belydenis nie aan die nagmaal van die Here toegelaat word nie. Hulle verskil van die huigelaars daarin dat mense gewoonlik nie weet wie die huigelaars is nie; God alleen weet dit.

Met hierdie tweede groep is dit egter anders: ook mense weet wie hulle is. Hierdie mense is nie soos Dawid wat uit swakheid in sonde val en daarna berou het daarvoor en hulle bekeer nie. Nee, hier word bedoel mense wat in hulle sonde volhard en hulle só as vyande van Christus betoon. Die tug gaan by hierdie mense nie net oor hulle lewe nie, maar ook oor hulle leer, oor hulle opinies en sienings van sake. Mense se standpunte en sienings van sake word egter gewoonlik nie so maklik bekend nie. In die reël word hulle ongelowige opvattinge eers opgemerk as dit in hulle lewe tot openbaring kom.

Sulke mense moet van die nagmaal weggehou word. Twee redes word daarvoor aangedui:

- *Eerstens omdat die verbond van God op dié wyse ontheilig word.* Die nagmaal is 'n seremonie waardeur ons te kenne gee dat ons vrede het met God deur Jesus Christus, en hoe kan iemand wat 'n vyand van God is, daaraan deelneem? Die nagmaal toon dat ons in 'n verbondsverhouding tot God staan, en dan kan 'n goddelose wat nie in die verbond opgeneem is nie, of die verbond minag, mos nie daarin deel nie.
- *Tweedens word die toorn van die Here oor die hele gemeente op-gewek as slegs een ongelowige of goddelose daaraan deelneem.* Om dit te verstaan, moet ons in gedagte hou dat ons verhouding tot God, en spesifiek ons deelname aan die nagmaal, nooit 'n individualistiese saak is, asof dit net gaan om my as individu se verhouding tot God nie. Die Skrif leer ons immers dat die gemeente 'n eenheid is (1 Kor. 12:12-31) en dat my optrede as individu nie losgemaak kan word van die ander lidmate van die kerk nie. Daarom word God se toorn oor die hele gemeente opgewek as slegs een ongelowige of goddelose daaraan deelneem. 'n Duidelike voorbeeld van so iets is die optrede van Akan by die inneming van Jerigo: net hy het gesondig, en toe het die toorn van God op die hele Israel gerus, sodat 36 onskuldige manne in die aanval teen Ai gesterf het (Jos. 7). Paulus het ook met hierdie probleem te doen gekry in die kerk van Korinte. In die gemeente was daar ongerymdhede by die nagmaal. Wat was die gevolg? Paulus sê: “Daarom is daar baie swakkes en siek-likes onder julle en sterf daar baie van julle” (1 Kor. 11:30). Daarom moet die kerkraad waaksaam wees.